# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 4 25 Oktober 2020

## Johannes 17

Hoofstuk 17 word as geheel aan Jesus se gebed gewy. Ons leer uit Sy gebed dat die wêreld die terrein is waarop die magte van God en die van die bose voortdurend in 'n geweldige stryd gewikkel is. Die bose magte word aangedryf deur hulle intense haat vir Christus en sy navolgers. Jesus het nie net vir die klompie dissipels gebid nie, maar ook vir almal wat op grond van die dissipels se getuienis tot geloof sou kom. Daarom ook vir die gelowiges van vandag. Hy het ook gebid dat die Vader sy uitverkore gelowiges sterk sou maak teen die Satan se versoekings; dat Hy hulle heilig en rein sou hou en hulle in sy waarheid een sou wees. Die eenheid van die gelowiges is 'n gegewenheid omdat Christus een is en dit moet in die wêreld sigbaar word.
Wat is die ewige lewe? Jesus sê hier baie duidelik: om God die Vader deur middel van Jesus Christus, sy Seun en Gestuurde, te ken. Om die ewige lewe te beleef, moet daar deur Jesus Christus heen 'n persoonlike verhouding wees tussen die gelowige en God. As ons ons sondes bely en daarvan wegkeer en die Here Jesus as Verlosser bely, lewe Christus se liefde deur die Heilige Gees in ons. Die ewige lewe word slegs bekom deur 'n geloofsoorgawe aan Jesus Christus.

In hierdie hoofstuk bid Jesus vir Homself en die voltooiing van sy roeping: dat God Hom sal verheerlik soos tevore, want Hy het sy taak voltooi ("dit is volbring" – Joh 19:30), om God se woorde aan mense bekend te maak – 17:1-8;
Jesus bid ook vir Sy dissipels omdat hulle aan die Vader behoort en Jesus is opgewonde in Sy gebed dat die dissipels tot begrip gekom het dat Hy van die Vader kom. Met ander woorde, dat hulle Sy identiteit aanvaar het.
Jesus bid ook vir die beskerming van die dissipels se onderlinge gemeenskap, sodat hulle net soos Hy en die Vader een kan wees – 17:9-12; Vir die beskerming van die Bose (soos in die Ons Vader) deurdat hulle toegewy bly aan die waarheid van God se woord, al erken Jesus dat Judas verlore is soos die Skrif voorspel het (Ps 41:10) – 17:13-19.

Die eenheid tussen Vader, Seun en navolgers moet so sigbaar wees voor die wêreld in belydenis en optrede, dat dit geloofwaardigheid by die wêreld sal inboesem. Daar kan ook sigbare eenheid onder Christene wees as hulle in gemeenskap met God lewe. Net so is daar byvoorbeeld eenheid tussen die lote onderling, sowel as met die druiwestok, omdat hulle almal aan die een stam verbind is. Ons eenheid sal getuig van Jesus Christus se woorde.

In vers 21 sal ons eenheid getuig sodat die mense kan glo in Jesus Christus, in vers 23 sal ons eenheid getuig sodat die mense kan weet van Jesus Christus. Ons geloof sal tot kennis van God lei en daardie kennis sal weereens ons geloof vermeerder. As ons as gemeenskap saamstaan en leef vanuit Jesus se woorde en dade sal ons eenheid vir die mense buite die deure van die gemeente laat glo dat Jesus in ons lewens aan die werk is. So 'n geloof in ons eenheid wat Christus bewerk sal maak dat die ek van die buurt by ons wil aansluit. Hulle sal dan weet dat ons een is omdat Jesus ons saambind in geloof en daardie kennis sal weer maak dat die eie-ek meer en meer deel word van die "ons". Ons moet hulle uitnooi.

Jesus se woorde moet ons geloofswoorde word. Verdeeldheid bedreig 'n gemeenskap, maar eenheid getuig van 'n gemeenskap wat gewortel is in die geloofswoorde van Jesus Christus.

## Liturgie

### Verwelkoming
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Kolossense 1:13-14 -

### Loflied
- Ek't Jesus lief (LB 491) -

### Skriflesing en Oordenking
- Johannes 17 -

### Wil van die Here (Wet)
- Johannes 17:1-5 -

### Skuldbelydenis
- Johannes 17:6-8 -

### Vryspraak (Genadeverkondiging)
- Johannes 17:9-19 -

### Geloofsbelydenis
- Johannes 17:20-23 -
- Jesus bron (LB 167) -

### Seën en Amen
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Amen (LB 312) -

# Delf dieper

## Die groot samewerking




https://youtu.be/SoWLf2PJtB0

## 1) Na mekaar:

1. Hoe gaan dit met die mense om jou?
2. Hoekom moet ons saamwerk met ander?

## 2) Na God:

1. Lees Johannes 17 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Hoe help ons roeping (Matteus 28:16-20) en ons gebod (Markus 12:28-34) om saam met ander gelowiges te werk?
3. Hoekom dink jy is geloof nie net 'n individuele ding nie?

## 3) Na mense:

1. As 'n groep vriende help mekaar om 'n nood in iemand anders se lewe te help vervul.

# DIE GROOT SAMEWERKING

## Johannes 17

Kan jy onthou dat ons laas week oor "ons roeping" en "ons gebod" geleer het? As jy nie kan onthou nie kan jy in die Kruin-o-gram gaan kyk. Hierdie week leer ons meer oor hoe om hierdie twee belangrike goed bymekaar te sit. Het jy dit laas week gaan soek in jou Bybel?

In die hierdie gedeelte leer ons dat Jesus ons geroep het om sy Woord vir die hele wêreld te gaan verkondig en die enigste manier hoe ons dit kan doen is om mekaar lief te hê. Met ander woorde as ons ware dissipels (iemand wat Jesus volg) wil wees moet ons liefde vir ander mense wys.

Jesus besef dat ons dit nie alleen kan doen nie. Daarom sê hy vir ons in Johannes 17 ons is nie alleen nie!

Ons het vir Jesus, in die vorm van die Heilige Gees, wat ons help as ons iets verkeerd doen. Ons het vir Mamma en Pappa wat help as ons nie iets lekker verstaan nie en dan het ons ook vriende en familie wat ons elke dag help om volglinge van Jesus te wees.

Soek die woorde in die woordsoek en gebruik dit as idees om liefde te wys.

Die woorde kan ook agterstevoor en onderstebo wees.

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| r | f | d | e | r | h | n | m | i | n | j | k | q | l | m | n | h |
| o | o | m | g | e | e | b | o | u | o | c | g | p | q | i | r | g |
| s | d | g | r | t | a | u | e | c | f | g | l | i | m | l | a | g |
| s | v | w | o | b | v | t | x | z | a | x | i | h | f | y | z | a |
| b | p | t | s | u | s | o | o | p | i | i | e | y | l | j | k | y |
| q | g | c | e | r | e | h | f | h | k | p | f | z | u | v | m | x |
| r | s | t | e | d | s | y | a | q | e | k | d | e | e | l | x | n |
| g | e | d | u | l | d | b | m | d | g | i | e | u | i | j | k | o |
| a | n | c | n | t | w | m | l | z | d | j | l | j | r | q | l | p |
| o | u | f | e | x | v | p | l | e | h | w | c | x | b | n | m | w |



ondersteun
geduld
liefde
omgee

deel
sorg
help
drukkie

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 25 Oktober** | |
| Aneska Fourie | |
| Chris Grib | 072 020 6346 |
| Connor Pelser | 012 804 0852 |
| Johan VIsser | 082 562 8296 |
| Carine von Backtrom | 079 874 2220 |
| | |
| **Dinsdag 27 Oktober** | |
| Michael Everts | |
| | |
| **Donderdag 29 Oktober** | |
| Bennie de Wet | 079 043 3033 |
| | |
| **Saterdag 31 Oktober** | |
| Petro du Plessis | 082 519 9681 |
| Carli Jacobs | |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser - George Coetzer
Charles Du Plessis (ICU Wilgers)

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans (Skouer 26/10/2020)

**AFSTERWE**
Oom Gawie Veldsman

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert

**GEBOORTES**
Talita en Francois Mőller - Zuan (29/08/2020)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan
Mariska en Ruan Auret - Logan (18/09/2020)

**ONS BID OOK VIR**
'n Egpaar in ons gemeente met ernstige huweliksprobleme

**Webtuiste:**
**silvertonkruin.com**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**




**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**
**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**

